*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (4/26)*
*Boitshoko Ntshabele, 23 Januarie 2026*

***"Hope is being able to see that there is light despite all of the darkness."*** *– Desmond Tutu*

## DAVOS EN DIE ONGEWONE

"Business unusual" is 'n term wat dikwels gebruik word wanneer 'n stelsel omvergewerp is en aanpasbare denke vereis word. Ek dink dis 'n gepaste beskrywing vir Januarie 2026, met inagneming van gebeure by vanjaar se Wêreld Ekonomiese Forum waar globale 'groot spelers' die afgelope week op Davos, Switserland, toegesak het. Die bywoning is volgens berigte vanjaar ongewoon hoog. "A spirit of dialogue" is die sleuteltema, met vyf fokus-areas: samewerking, groei, belegging in mense, innovasie en die bou van voorspoed.

Dit is "business unusual" aangesien die geleentheid volg op 'n jaar van sogenaamde "liberation day"-tariewe – tot nadeel van die multi-laterale handelstelsel wat op die Wêreldhandelsorganisasie gebaseer is. Tariewe is nou geposisioneer as 'n sentrale handelsmeganisme. Ander gebeure vroeg in die nuwe jaar het egter ook bygedra om die gevoel te versterk dat konflik moontlik 'n kenmerk van 2026 kan wees.

Een van die belangrikste dokumente wat as deel van die Davos-besprekings opgestel is, is die Wêreld Ekonomiese Forum se Globale Risikoverslag 2026. Hierdie verslag is gebaseer op 'n opname van menings van kundiges uit die akademie, burgerlike samelewing, regering, sakewêreld en internasionale organisasies oor huidige globale risiko's. 'n Vlugtige lees van die dokument gee 'n gevoel dat dit nie vir die "faint hearted" is nie, en dat alles nie vandag in die wêreld pluis is nie – globale risiko word terloops in die dokument gedefinieer as die moontlikheid van 'n gebeurtenis of toestand wat 'n beduidende negatiewe impak op die globale BBP, bevolking of natuurlike hulpbronne sou hê. Bo-aan die treffersparade is geo-ekonomiese konfrontasie, gevolg deur staatsgebaseerde gewapende konflik, met ekstreme weerstoestande in die derde plek. Wat ekstreme weer betref, is Suid-Afrika se verre noordoostelike dele tans oorstroom, terwyl die suidelike dele van die land droë toestande ervaar. Ekstreme weer kan enorme gevolge vir die landbousektor en ons bedryf inhou. Dit is nou al etlike jare dat die land jaarliks met een of meer noemenswaardige weerverwante gebeurtenisse te kampe het. Dink asseblief aan almal wat vroeg in die jaar deur hierdie skokkende gebeurtenisse geraak word. Dit is bemoedigend om te weet dat landbou-organisasies in die streke by ondersteuning betrokke is. Of daar nou geo-politieke stormwolke op die horison is, of meer onmiddellike weersveranderinge wat op die grondvlak gevoel word, hoop 'n mens dat 'n gevoel van menslikheid al ons aksies sal rig: begrip, samewerking en 'n strewe na veerkragtigheid en gedeelde voorspoed.

## VERSOEK OM INLIGTING OOR PADTOESTAND TER ONDERSTEUNING VAN KARTERING VAN VLOEDSKADE

Soos vloedwater in Limpopo en Mpumalanga (hoofsaaklik) afneem, sal regeringstaakspanne begin met die assessering van die toestand van paaie en brûe. Die CGA is in samewerking met belanghebbendes besig om 'n webgebaseerde GIS-karteringsmodel te ontwikkel om die toestand van die padnetwerk, sowel as rehabilitasie- en herstelaktiwiteite, te dokumenteer, te monitor en na te spoor. Terwyl werk na die volledige GIS-model vorder, is 'n tussentydse aanlyn GIS-platform met behulp van Google Maps Live geskep. Help asseblief om inligting tot hierdie model by te dra deur die volgende besonderhede per boodskap of e-pos (mitchell@cga.co.za) te stuur: Liggingbesonderhede (GPS-koördinate of padnaam met nabygeleë verwysingspunte), foto's (waar moontlik) en 'n kort beskrywing van die padtoestand. Alle versamelde data sal met relevante regeringsrampbestuurskomitees gedeel word, en ons sal die rehabilitasie van kritieke padnetwerke aktief volg, vóór die komende sitrusseisoen.

## CGA ROADSHOWS

In die week van 16-19 Februarie sal Boitshoko se span die volgende streke - Burgersfort, Hoedspruit, Letsitele en die Limpopo-rivier besoek, terwyl Paul se span na die streke - Groblersdal, Nelspruit en die Onderberg vertrek. Gedurende die week van 3-5 Maart sal Boitshoko en sy span die Boland, Wes-Kaap en Noord-Kaap besoek, terwyl Paul en sy span Patensie-, Sondagsriviervallei- en Oos-Kaapse Midlande sal besoek. Dit sal KZN se beurt wees op 11 Maart.

Verdere besonderhede oor lokale, tye en die program sal te gelegener tyd gekommunikeer word. RSVP asseblief na tanya@cga.co.za.